(3) Where an appeal has been noted in terms of subsection (1), the Administrator shall give the applicant or any objector who is not a party to the appeal, the opportunity to oppose the appeal, and where such an applicant or objector opposes the appeal, he shall, for the purposes of the succeeding provisions of this section, be deemed to be a party to the appeal.

(4) Every person who is a party to the appeal, other than the local authority, shall, within a period of 30 days from the date on which he became such a party, deposit with the Director as security for the payment of the expenses contemplated in subsection (9) such amount of money as may be prescribed,

om die bedrag aldus te deponeer, hou hy op om 'n party tot die appèl te wees.

(5) Nadat aan die bepalings van subartikels (1), (2), (3) en (4) voldoen is, verwys die Direkteur die appèl na die Raad en die Raad —

- (a) bepaal 'n dag, tyd en plek vir die verhoor deur hom van die appèl; en
- (b) stel elke party tot die appèl, met inbegrip van die plaaslike bestuur, in kennis van die dag, tyd en plek ingevolge paragraaf (a) bepaal.

(6) By 'n verhoor in subartikel (5) beoog —

- (a) kan die plaaslike bestuur sy saak stel en getuienis ter staving daarvan aanvoer;
- (b) kan enige ander party tot die appèl sy saak stel en getuienis ter staving daarvan aanvoer of iemand anders magtig om dit namens hom te doen.

(7) Na 'n verhoor in subartikel (5) beoog —

- (a) stel die Raad 'n verslag op waarin hy aanbeveel dat die appèl gehandhaaf of van die hand gewys word;
- (b) stel die Raad elke party tot die appèl skriftelik van sy aanbeveling in kennis.

(8) Elke party tot die appèl kan binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum waarop hy ingevolge subartikel (7)(b) van die Raad se aanbeveling in kennis gestel is die Raad skriftelik versoek om sy redes vir die aanbeveling te verstrek, en die Raad verstrek sodanige redes skriftelik by betaling van die gelde wat voorgeskryf word.

(9) Iemand aan wie redes ingevolge subartikel (8) verstrek is, kan binne 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum waarop die redes aan hom verstrek is, sy antwoord daarop aan die Raad stuur.

(10) Nadat die tydperk in subartikel (8) beoog en, waar van toepassing, die tydperk beoog in subartikel (9) verstryk het, lê die Raad deur die Direkteur die dokumente in subartikel (2) beoog aan die Administrateur voor tesame met die verslag in subartikel (7)(a) beoog en, waar van toepassing, die redes en antwoord in subartikel (9) beoog en sy kommentaar op sodanige antwoord.

(11) By ontvangs van die dokumente en verslag in subartikel (10) beoog, oorweeg die Administrateur die appèl en waar die appèl —

(a) gerig is teen —

- (i) die weiering van die aansoek vir die verdeling van die grond;
- (ii) die weiering of onredelike versuim van 'n plaaslike bestuur om 'n beslissing oor 'n aansoek vir die verdeling van grond te gee,

kan hy die appèl handhaaf en die aansoek goedkeur onderworpe aan enige voorwaarde wat hy dienstig ag of dit van die hand wys;

and if he fails to so deposit the amount, he shall cease to be a party to the appeal.

(5) After the provisions of subsections (1), (2), (3) and (4) have been complied with, the Director shall refer the appeal to the Board, and the Board shall —

- (a) determine a day, time and place for the hearing of the appeal by it; and
- (b) notify every party to the appeal, including the local authority, of the day, time and place determined in terms of paragraph (a).

(6) At a hearing contemplated in subsection (5) —

- (a) the local authority may state its case and adduce evidence in support thereof;
- (b) any other party to the appeal may state his case and adduce evidence in support thereof or authorize any other person to do so on his behalf.

(7) After a hearing contemplated in subsection (5) —

- (a) the Board shall prepare a report in which it recommends that the appeal be upheld or dismissed;
- (b) the Board shall notify every party to the appeal in writing of its recommendation.

(8) Every party to the appeal may, within a period of 28 days from the date he has, in terms of subsection (7)(b), been notified of the recommendation of the Board, request the Board in writing to furnish its reasons for the recommendation, and the Board shall furnish such reasons in writing on payment of such fees as may be prescribed.

(9) Any person to whom reasons have been furnished in terms of subsection (8) may, within a period of 60 days from the date the reasons were furnished to him, forward his reply thereto to the Board.

(10) After the period contemplated in subsection (8) and where applicable, the period contemplated in subsection (9) have expired, the Board shall submit the documents contemplated in subsection (2) through the Director to the Administrator together with the report contemplated in subsection (7)(a) and, where applicable, the reasons and reply contemplated in subsection (9) and its comments on such reply.

(11) On receipt of the documents and report contemplated in subsection (10) the Administrator shall consider the appeal and where the appeal —

(a) is directed against —

- (i) the refusal of the application for the division of the land;
- (ii) the refusal or unreasonable delay of a local authority to give a decision on an application to divide the land,

- (b) op enige ander grond gebaseer is, kan hy dit handhaaf onderworpe aan enige voorwaarde wat hy dienstig ag of dit van die hand wys,

en daarop stel die Direkteur —

- (i) elke party tot die appèl skriftelik van die beslissing van die Administrateur in kennis; en
- (ii) waar die Administrateur die aansoek vir die verdeling van die grond goedgekeur het, ook die Landmeter-generaal en die Registrateur skriftelik daarvan en van die voorwaardes, indien daar is, deur die Administrateur opgelê, in kennis en verstrek hy terselfdertyd aan die Registrateur die inligting in artikel 11(5) beoog.

(12) Die Administrateur gelas een of meer van die partye tot die appèl om alle uitgawes wat deur of namens die Transvaalse Provinsiale Administrasie in verband met die appèl aangegaan is, op die bedinge en voorwaardes wat hy bepaal, te betaal.

(13) Wanneer die Administrateur ingevolge subartikel (10) 'n appèl handhaaf of van die hand wys, kan hy die bevel met betrekking tot koste uitreik wat hy billik ag, en waar hy so 'n bevel uitreik, stel hy na goeddunke die bedrag van die koste vas.

(14) Waar iemand in subartikel (4) beoog, versuim om aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (12) te voldoen, kan die Direkteur die uitgawes in laasgenoemde subartikel beoog uit die bedrag geld deur so iemand ingevolge eersgenoemde subartikel gedeponeer, betaal, en die saldo, indien daar is, aan hom terugbetaal.

## HOOFSTUK V

### DIVERSE BEPALINGS

20.(1) Nadat 'n aansoeker in kennis gestel is —

- (a) ingevolge artikel 11(4) dat sy aansoek deur die Administrateur of 'n gemagtigde plaaslike bestuur goedgekeur is;
- (b) ingevolge artikel 19(11)(a) dat sy aansoek deur die Administrateur op appèl goedgekeur is,

dien hy binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van sodanige kennisgewing, of die nodige tydperk wat die Direkteur of gemagtigde plaaslike bestuur toelaat, die planne, kaarte of ander dokumente wat die Landmeter-generaal vereis vir goedkeuring by die Landmeter-generaal in, en indien die aansoeker versuim om dit te doen, verval sy aansoek.

(2) Waar die aansoeker versuim om binne 'n redelike tyd nadat hy die planne, kaarte of ander dokumente in subartikel (1) beoog, ingedien het, aan enige vereiste te voldoen wat die Landmeter-generaal wettiglik mag stel, stel die Landmeter-generaal die Administrateur of gemagtigde plaaslike bestuur dienooreenkomstig in kennis, en waar die Administrateur of gemagtigde plaaslike be-

he may uphold the appeal and approve the application subject to any condition he may deem expedient or dismiss it;

- (b) is based on any other ground, he may uphold it on any condition he may deem expedient or dismiss it,

and thereupon the Director shall —

- (i) notify every part to the appeal in writing of the decision of the Administrator; and
- (ii) where the Administrator has approved the application for the division of the land, also notify the Surveyor-General and the Registrar in writing thereof and of the conditions, if any, imposed by the Administrator and he shall, at the same time, furnish to the Registrar the information contemplated in section 11(5).

(12) The Administrator shall direct one or more of the parties to the appeal to pay all the expenses incurred by or on behalf of the Transvaal Provincial Administration in connection with the appeal on such terms and conditions as he may determine.

(13) When the Administrator upholds or dismisses an appeal in terms of subsection (10), he may issue such order with regard to costs as he may deem just, and where he issues such an order he shall, in his discretion, determine the amount of the costs.

(14) Where any person contemplated in subsection (4) fails to comply with a direction in terms of subsection (12), the Director may pay the expenses contemplated in the latter subsection from the amount of money deposited by such person in terms of the first-mentioned subsection and refund the balance, if any, to him.

## CHAPTER V

### MISCELLANEOUS PROVISIONS

20.(1) After an applicant has been notified —

- (a) in terms of section 11(4) that this application has been approved by the Administrator or an authorized local authority;
- (b) in terms of section 19(11)(a) that this application has been approved by the Administrator on appeal,

he shall, within a period of 12 months from the date of such notice, or such further period as the Director or authorized local authority may allow, lodge for approval with the Surveyor-General such plans, diagrams or other documents as the Surveyor-General may require, and if the applicant fails to do so, his application shall lapse.

(2) Where the applicant fails, within a reasonable time after he has lodged the plans, diagrams or other documents contemplated in subsection (1), to comply with any require-

Aansoeker  
dien sekere  
dokumente by  
Landmeter-  
generaal in.

Applicant to  
lodge certain  
documents  
with Surveyor-  
General.

stuur oortuig is, nadat hy die aansoeker aan-gehoor het, dat die aansoeker sonder ge-gronde rede versuim het om aan enige sodanige vereiste te voldoen, stel die Direk-teur of gemagtigde plaaslike bestuur die aan-soeker en die Landmeter-generaal in kennis dat die Administrateur of gemagtigde plaas-like bestuur aldus oortuig is, en daarop ver-val die aansoek.

Registrateur  
endosseer  
afskrifte van  
titelaktes.

21.(1) By ontvangs van die kennisgewing in artikel 11(4) of 19(11)(b) beoog, endosseer die Registrateur die akteskantoor se afskrif van die titelakte waaronder die betrokke grond gehou word ten effekte dat 'n aansoek vir die verdeling van sodanige grond deur die Administrateur of 'n gemagtigde plaaslike bestuur, na gelang van die geval, goedgekeur is, en indien die eienaar se afskrif van die ti-telakte daarna, vir welke rede ook al, by die Registrateur ingedien word, endosseer hy dit op dieselfde wyse.

(2) 'n Endossement ingevolge subartikel (1) word as 'n titelvoorwaarde in enige later transportakte van die geheel of die restant van die betrokke grond oorgedra, en enige opvolgende eienaar van sodanige geheel of restant is gebonde aan die voorwaardes wat deur die Administrateur of gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge artikel 11(2) of die Administrateur op appèl ingevolge arti-kel 19(11)(a) opgelê is.

(3) Die Registrateur rojeer —

- (a) nadat die grond in subartikel (1) beoog, verdeel is;
- (b) wanneer hy in kennis gestel word dat die aansoek verval het,

enige endossement wat deur hom ingevolge subartikel (1) gemaak is.

Versuim om  
aan vereistes  
van  
Administrateur,  
Raad,  
Direkteur of  
plaaslike  
bestuur te  
voldoen.

22. Waar die aansoeker vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop hy ver-soek is om te voldoen aan enige vereiste wat die Administrateur, die Raad, die Direk-teur, die gemagtigde plaaslike bestuur of plaaslike bestuur ten opsigte van 'n aansoek ingevolge artikel 6 wettiglik mag stel, ver-suim om daaraan te voldoen, kan die Direk-teur, gemagtigde plaaslike bestuur of plaas-like bestuur, na gelang van die geval, die aansoeker van sodanige versuim in kennis stel en daarop verval die aansoek.

Voortsetting  
van aansoek  
deur nuwe  
eienaar.

23.(1) Waar die eiendomsreg oor grond ten opsigte waarvan aansoek ingevolge artikel 6 gedoen is, verander en die nuwe eienaar van sodanige grond die Administrateur of ge-magtigde plaaslike bestuur skriftelik in ken-nis stel dat hy met die aansoek wil voortgaan, kan die Administrateur of gemagtigde plaas-like bestuur, indien die aansoek nie inge-volge artikel 20 of 22 verval het nie, toestem tot die voortsetting van die aansoek deur die nuwe eienaar op die voorwaardes wat die Administrateur of plaaslike bestuur dienstig ag.

(2) 'n Eienaar van grond in subartikel (1) beoog, word by die toepassing van die bepa-lings van hierdie Ordonnansie geag die aan-soeker te wees.

ment the Surveyor-General may lawfully lay down, the Surveyor-General shall notify the Administrator or authorized local authority accordingly, and where the Administrator or authorized local authority is satisfied, after hearing the applicant, that the applicant has failed to comply with any such requirement without sound reason, the Director or autho-rized local authority shall notify the applicant and the Surveyor-General that the Admini-strator or authorized local authority is so satisfied, and thereupon the application shall lapse.

Registrar to  
endorse copies  
of title deeds.

21.(1) Upon receipt of the notice contem-plate in section 11(4) or 19(11)(b), the Re-gistrar shall endorse the deeds registry copy of the title deed under which the land con-cerned is held to the effect that an applica-tion for the division of such land has been ap-proved by the Administrator or an au-thorized local authority, as the case may be, and if the copy of the title deed of the owner is thereafter, for whatever reason, lodged with the Registrar, he shall endorse it in like manner.

(2) An endoresement in terms of section (1) shall be brought forward as a condition of title in any subsequent deed of transfer of the whole or the remainder of the land con-cerned, and any succeeding owner of such whole or remainder shall be bound by the conditions imposed by the Administrator or authorized local authority in terms of section 11(2) or by the Administrator on appeal in terms of section 19(11)(a).

(3) The Registrar shall —

- (a) after the land contemplated in subsec-tion (1) has been divided;
- (b) when he is notified that the application has lapsed,

cancel any endorsement made by him in terms of subsection (1).

Failure to  
comply with  
requirements  
of Admini-  
strator, Board,  
Director or  
Local  
Authority.

22. Where the applicant has, for a period of 12 months from the date he was requested to comply with any requirement by the Admini-strator, the Board, the Director, the autho-rized local authority or local authority may lawfully lay down in respect of an application in terms of section 6, failed to do so, the Di-rector, authorized local authority, or local authority, as the case may be, may notify the applicant of such failure and thereupon the application shall lapse.

Continuation  
of application  
by new owner.

23.(1) Where the ownership of land in re-spect of which application has been made in terms of section 6 changes and the new owner of such land notifies the Administrator or au-thorized local authority in writing that he wishes to continue with the application, the Administrator or authorized local authority may, if the application has not lapsed in terms of section 20 or 22, consent to the con-tinuation of the application by the new owner on such conditions as the Administra-tor or local authority may deem expedient.

(2) An owner of land contemplated in sub-section (1) shall, for the purposes of the pro-visions of this Ordinance, be deemed to be

Oordrag van grond en betaling van begiftiging aan Staat of plaaslike bestuur.

**24. Waar van 'n aansoeker vereis word om —**

- (a) grond aan die Staat of 'n plaaslike bestuur oor te dra;
- (b) 'n begiftiging in kontant aan die Staat of 'n plaaslike bestuur in 'n globale bedrag te betaal,

uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê deur die Administrateur of 'n gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge artikel 11(2) of deur die Administrateur op appèl ingevolge artikel 19(8)(a), word die grond op die onkoste van die aansoeker aldus oorgedra of die begiftiging aldus betaal binne 'n tydperk van 6 maande vanaf die datum van die goedkeuring van die aansoek, of binne die verdere tydperk wat die Administrateur of gemagtigde plaaslike bestuur toelaat.

Verbod op registrasie van sekere transportaktes.

**25.(1)** Behoudens die bepalings van subartikel (2), registreer die Registrateur nie 'n transportakte van enige gedeelte grond nie waar 'n aansoek vir die verdeling van die grond goedgekeur is deur die Administrateur ingevolge artikel 11 of 15 of op appèl ingevolge artikel 19 of deur 'n gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge artikel 18 —

- (a) indien die Direkteur of gemagtigde plaaslike bestuur die Registrateur skriftelik in kennis gestel het dat daar nie aan enige voorwaarde opgelê deur die Administrateur of gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge artikel 11(2) of deur die Administrateur op appèl ingevolge artikel 19(11)(a), uitgesonderd 'n voorwaarde wat die oordrag van grond of die betaling van 'n begiftiging in kontant aan die Staat of 'n plaaslike bestuur vereis, voldoen is nie;
- (b) tot tyd en wyl —
  - (i) daar aan die bepalings van artikel 24 ten opsigte van die oordrag van grond aan die Staat of 'n plaaslike bestuur voldoen is, waar sodanige oordrag 'n voorwaarde is wat ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) opgelê is;
  - (ii) die Direkteur of die plaaslike bestuur die Registrateur skriftelik in kennis gestel het dat daar aan die bepalings van artikel 24 ten opsigte van die betaling van 'n begiftiging in kontant aan die Staat of 'n plaaslike bestuur voldoen is, waar sodanige betaling 'n voorwaarde is wat ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) opgelê is.

(2) Die bepalings van subartikel (1)(b)(ii) is nie van toepassing nie —

- (a) ten opsigte van die oordrag van grond aan die Staat of 'n plaaslike bestuur ingevolge artikel 24;
- (b) ten opsigte van die oordrag van grond waar 'n aansoek vir die verdeling van sodanige grond ingevolge 'n herroepe wet goedgekeur is en die registrasie van die transportakte nie in stryd met die bepalings van daardie wet sal wees nie.

the applicant.

Transfer of land and payment of endowment to State or local authority.

**24. Where an applicant is required to —**

- (a) transfer land to the State or a local authority;
- (b) pay an endowment in cash to the State or a local authority in a lump sum,

by virtue of a condition imposed by the Administrator or an authorized local authority in terms of section 11(2) or the Administrator on appeal in terms of section 19(8)(a), the land shall be so transferred at the expense of the applicant or the endowment shall be so paid within a period of 6 months from the date of approval of the application, or within such further period as the Administrator or authorized local authority may allow.

Prohibition on registration of certain deeds of transfer.

**25.(1)** Subject to the provisions of subsection (2), the Registrar shall not register a deed of transfer of any portion of land where an application for the division of the land was approved by the Administrator in terms of section 11 or 15 or on appeal in terms of section 19 or by an authorized local authority in terms of section 18 —

- (a) if the Director or authorized local authority has notified the Registrar in writing that any condition imposed by the Administrator or authorized local authority in terms of section 11(2) or by the Administrator on appeal in terms of section 19(11)(a), other than a condition requiring the transfer of land or the payment of an endowment in cash to the State or a local authority, has not been complied with;
- (b) until such time as —
  - (i) the provisions of section 24 in respect of the transfer of land to the State or a local authority have been complied with, where such transfer is a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a);
  - (ii) the Director or the local authority has notified the Registrar in writing that the provisions of section 24 in respect of the payment of an endowment in cash to the State or a local authority have been complied with, where such payment is a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a).

(2) The provisions of subsection (1)(b)(ii) shall not apply —

- (a) in respect of the transfer of land to the State or a local authority in terms of section 24;
- (b) in respect of the transfer of land where an application for the division of such land was approved in terms of a repealed law and the registration of the deed of transfer will not be in conflict with the provisions of that law.

Begiftiging word nie terugbetaal nie.

26. Geen kontantbegiftiging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) betaal is of enige gedeelte van sodanige begiftiging word terugbetaal nie.

Aanwending van begiftiging.

27.(1) 'n Begiftiging wat aan die Administrateur of 'n plaaslike bestuur betaal is vir 'n spesifieke doel uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) en, indien belê, enige rente daarop verdien, word alleenlik vir daardie doel aangewend: Met dien verstande dat sodanige begiftiging —

- (a) wat aan die Administrateur betaal is vir enige ander doel aangewend kan word wat, na die mening van die Administrateur, tot voordeel sal wees van die bewoners van die grond wat verdeel is;
- (b) aangewend kan word —
  - (i) deur 'n plaaslike bestuur in die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, genoem;
  - (ii) deur enige ander plaaslike bestuur met die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur en op die bedinge en voorwaardes wat die Administrateur bepaal,

vir enige ander doel ten opsigte van die grond wat verdeel is;

- (c) met die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur en op die bedinge en voorwaardes wat hy bepaal vir enige ander doel deur enige plaaslike bestuur aangewend kan word;
- (d) op die bedinge en voorwaardes wat die plaaslike bestuur bepaal as 'n terugbetaalbare voorskot deur daardie plaaslike bestuur vir enige doel uitgereik kan word.

(2) 'n Begiftiging in subartikel (1) beoog, kan deur 'n plaaslike bestuur belê word —

- (a) in sy Gekonsolideerde Leningsfonds ingevolge artikel 3 van die Ordonnansie op die Gekonsolideerde Leningsfonds vir Munisipaliteite, 1952 (Ordonnansie 9 van 1952), ingestel;
- (b) in die effekte, fondse en sekuriteite waarin sy Delgingsfonds ingevolge artikel 33 van die Johannesburg Municipality Borrowing Powers Ordinance, 1903 (Ordonnansie 3 van 1903), belê kan word;
- (c) by 'n liggaam of instelling deur die Administrateur goedgekeur.

Begiftiging in trust vir toekomstige plaaslike bestuur gehou.

28. Waar 'n begiftiging vir 'n toekomstige plaaslike bestuur betaal is uit hoofde van 'n voorwaarde ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) opgelê, kan die Administrateur, hangende die instelling van die plaaslike bestuur, die begiftiging vir enige doel wat hy dienstig ag ten opsigte van die grond wat verdeel is, aanwend.

Grond in trust vir toekomstige plaaslike bestuur gehou.

29.(1) Waar enige grond aan die Staatspresident in trust vir 'n toekomstige plaaslike

Endowment not to be refunded.

26. No cash endowment paid by virtue of a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a) or any portion of such endowment shall be refunded.

Utilization of endowment.

27.(1) An endowment paid to the Administrator or a local authority for a specific purpose by virtue of a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a) and, if invested, any interest earned thereon, shall be utilized for that purpose only: Provided that such endowment —

- (a) paid to the Administrator may be utilized for any other purpose which, in the opinion of the Administrator, will be to the benefit of the occupants of the land which has been divided;
- (b) may be utilized —
  - (i) by a local authority referred to in the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939;
  - (ii) by any other local authority with the prior approval of the Administrator and on such terms and conditions as the Administrator may determine,

for any other purpose in respect of the land which has been divided;

- (c) may, with the prior approval of the Administrator and on such terms and conditions as he may determine, be utilized by any local authority for any other purpose;
- (d) may, on such terms and conditions as the local authority may determine, be issued by that local authority as a repayable advance for any purpose.

(2) An endowment contemplated in subsection (1) may be invested by a local authority —

- (a) in its Consolidated Loans Fund established in terms of section 3 of the Municipal Consolidated Loans Fund Ordinance, 1952 (Ordinance 9 of 1952);
- (b) in such stocks, funds and securities as its Redemption Fund may be invested in in terms of section 33 of the Johannesburg Municipality Borrowing Powers Ordinance, 1903 (Ordinance 3 van 1903);
- (c) with a body or institution approved by the Administrator.

Endowment held in trust for future local authority.

28. Where an endowment has been paid for a future local authority by virtue of a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a), the Administrator may, pending the establishment of the local authority, utilize the endowment for any purpose he may deem expedient in respect of the land which has been divided.

Land held in trust for future local authority.

29.(1) Where any land has been transferred to the State President in trust for a future

bestuur oorgedra is uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a), dra die Staatspresident so gou moontlik na die instelling van die plaaslike bestuur die grond aan hom oor.

(2) Hangende die instelling van 'n plaaslike bestuur in subartikel (1) beoog —

- (a) kan die Administrateur gelas dat enige grond in subartikel (1) beoog of enige gedeelte daarvan op die bedinge en voorwaardes wat hy dienstig ag tot voordeel van die bewoners van die grond wat verdeel is, gebruik kan word;
- (b) kan die Staatspresident, op aanbeveling van die Administrateur, die grond in subartikel (1) beoog of enige gedeelte daarvan verkoop of skenk of sodanige grond of enige gedeelte daarvan vir ander grond ruil.

Verandering,  
wysiging of  
rojerig van  
algemene plan.

30.(1) Iemand wat die algemene plan, indien daar is, van 'n verdeling van grond ingevolge artikel 30(2) van die Opmetingswet, 1927, deur die Landmeter-generaal wil laat verander, laat wysig of in sy geheel of gedeeltelik laat rojeer, kan in die vorm wat die Direkteur bepaal, deur die Direkteur skriftelik by die Administrateur aansoek doen om sy goedkeuring, en die aansoeker —

- (a) voldoen aan die vereistes en betaal die gelde wat voorgeskryf word;
- (b) dien terselfdertyd 'n afskrif van die aansoek by die plaaslike bestuur in, indien daar is, binne wie se regsgebied die grond geleë is.

(2) Die bepalings van subartikels (2) tot en met (15) en (17) van artikel 89, artikel 90 en paragraaf (a), (b)(ii) en (c)(ii) van subartikel (1) en subartikels (2) tot en met (7) van artikel 91 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek in subartikel (1) beoog, en wanneer daardie bepalings aldus toegepas word —

- (a) word 'n verwysing in artikel 89(8) van daardie Ordonnansie na artikel 131 uitgelê as 'n verwysing na artikel 34 van hierdie Ordonnansie;
- (b) word 'n verwysing in artikels 89(14), 91(1)(b)(ii)(bb) en 91(2) van daardie Ordonnansie na artikel 81 uitgelê as 'n verwysing na artikel 24 van hierdie Ordonnansie;
- (c) word paragraaf (b) van artikel 89(15) van daardie Ordonnansie geag te lui:  
“(b) enige voorwaarde ingevolge artikel 11(2) of 19(11)(a) opgelê, wysig of skrap.”; en
- (d) word 'n verwysing in artikel 91 van daardie Ordonnansie na —
  - (i) “'n goedgekeurde dorp” en “dorp” uitgelê as 'n verwysing na die grond wat verdeel is; en
  - (ii) “dorpseienaar” uitgelê as 'n verwysing na “eienaar” en “eienaar” beteken —

local authority by virtue of a condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a), the State President shall, as soon as possible after the establishment of the local authority, transfer the land to it.

(2) Pending the establishment of a local authority contemplated in subsection (1) —

- (a) the Administrator may direct that any land contemplated in subsection (1) or any portion thereof may, on such terms and conditions as he may deem expedient, be used for the benefit of the occupants of the land which has been divided;
- (b) the State President may, on the recommendation of the Administrator, sell or donate the land contemplated in subsection (1) or any portion thereof or exchange such land or any portion thereof for other land.

Alteration,  
amendment or  
cancellation of  
general plan.

30.(1) Any person who wishes to have the general plan, if any, of a division of land altered, amended or totally or partially cancelled by the Surveyor-General in terms of section 30(2) of the Land Survey Act, 1927, may, in such form as the Director may determine, apply in writing through the Director to the Administrator for his approval, and the applicant shall —

- (a) comply with such requirements and pay such fees as may be prescribed;
- (b) at the same time lodge a copy of the application with the local authority, if any, within whose area of jurisdiction the land is situated.

(2) The provisions of subsections (2) to (15) inclusive and (17) of section 89, section 90 and paragraph (a), (b)(ii) and (c)(ii) of subsection (1) and subsections (2) to (7) inclusive of section 91 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, shall apply *mutatis mutandis* to an application contemplated in subsection (1), and in so applying those provisions —

- (a) a reference in section 89(8) of that Ordinance to section 131 shall be construed as a reference to section 34 of this Ordinance;
- (b) a reference in sections 89(14), 91(1)(b)(ii)(bb) and 91(2) of that Ordinance to section 81 shall be construed as a reference to section 24 of this Ordinance;
- (c) paragraph (b) of section 89(15) of that Ordinance shall be deemed to read:  
“(b) amend or delete any condition imposed in terms of section 11(2) or 19(11)(a).”; and
- (d) a reference in section 91 of that Ordinance to —
  - (i) “an approved township” and “township” shall be construed as a reference to the land which has been divided; and
  - (ii) “township owner” shall be con-

(aa) die eienaar van die grond ten tye van die goedkeuring van die aansoek vir die verdeling van die grond; of

(bb) indien die eienaar in subparagraaf (aa) beoog na die mening van die Administrateur nie die aangewese persoon is nie, die persoon wat die Administrateur aanwys.

Nakoming en toepassing van voorwaardes.

**31.(1)** Waar die Administrateur of 'n gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige ander wet wat op die verdeling van grond betrekking het 'n voorwaarde wat op enige grond betrekking het, opgelê het —

- (a) kom die plaaslike bestuur, indien daar is, binne wie se regsgebied die grond geleë is die voorwaarde na;
- (b) weier die plaaslike bestuur in paragraaf (a) beoog om enige bouplan wat in stryd met die voorwaarde is, goed te keur;
- (c) kan die plaaslike bestuur in paragraaf (a) beoog of die Administrateur die voorwaarde afdwing.

(2) Iemand wat 'n voorwaarde in subartikel (1) beoog, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Bevoegdheid van Staatspresident ten opsigte van grond vir Staatsdoeleindes oorgedra.

**32.** Waar enige grond wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige herroepe wet wat op die verdeling van grond betrekking het, aan die Staat vir Staatsdoeleindes oorgedra is, na die mening van die Staatspresident, nie langer vir sodanige doeleindes geskik is of vereis word nie, kan die Staatspresident nadat hy aan die Administrateur behoorlik kennis gegee het van sy voorneme om dit te doen, sodanige grond of enige gedeelte daarvan verkoop of skenk of dit vir ander grond ruil en die oordrag daarvan magtig onbelemmerd van enige beperking wat die gebruik daarvan tot Staatsdoeleindes beperk.

Bevoegdheid van plaaslike bestuur ten opsigte van grond aan hom oorgedra.

**33.(1)** Waar enige grond ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige herroepe wet wat op die verdeling van grond betrekking het, aan 'n plaaslike bestuur oorgedra is, kan die plaaslike bestuur, behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, sodanige grond of enige gedeelte daarvan verkoop of skenk of dit vir ander grond ruil.

(2) Waar enige grond ingevolge subartikel (1) verkoop, geskenk of verruil word —

- (a) kan die Administrateur, behoudens die bepalings van enige voorlopige of goedgekeurde skema wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, binne die regsgebied van die plaaslike bestuur van krag is, die oordrag van sodanige grond magtig onbelemmerd van enige beperking wat van toepassing is uit hoofde van enige voorwaarde wat ingevolge artikel 11(2) opgelê is;

strued as a reference to "owner" and "owner" means —

(aa) the owner of the land at the time of the approval of the application for the division of the land; or

(bb) if the owner contemplated in subparagraph (aa) is, in the opinion of the Administrator, not the appropriate person, such person as the Administrator may designate.

Observance and enforcement of conditions.

**31.(1)** Where the Administrator or an authorized local authority has, in terms of the provisions of this Ordinance or any other law relating to the division of land, imposed a condition relating to any land —

- (a) the local authority, if any, within whose area of jurisdiction the land is situated shall observe the condition;
- (b) the local authority contemplated in paragraph (a) shall refuse to approve any building plan which is in conflict with the condition;
- (c) the local authority contemplated in paragraph (a) or the Administrator may enforce the condition.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with a condition contemplated in subsection (1) shall be guilty of an offence.

Powers of State President in respect of land transferred for State purposes.

**32.** Where any land transferred to the State for State purposes in accordance with the provisions of this Ordinance or any repealed law relating to the division of land is, in the opinion of the State President, no longer suitable or required for such purposes, the State President may, after he has given due notice to the Administrator of his intention to do so, sell or donate such land or any portion thereof or exchange it for other land and authorize the transfer thereof free from any restriction limiting the use thereof to State purposes.

Powers of local authority in respect of land transferred to it.

**33.(1)** Where any land has been transferred to a local authority in accordance with the provisions of this Ordinance or any repealed law relating to the division of land, the local authority may, subject to the provisions of the Local Government Ordinance, 1939, sell or donate such land or any portion thereof or exchange it for other land.

(2) Where any land is sold, donated or exchanged in terms of subsection (1) —

- (a) the Administrator may, subject to the provisions of any interim or approved scheme which is, in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, in force within the area of jurisdiction of the local authority, authorize the transfer of such land free from any restriction applicable by virtue of any condition imposed in terms of section 11(2);

- (b) word die opbrengs van die verkoping of verruiling van grond wat aan 'n plaaslike bestuur vir die doel van parke of oop ruimtes oorgedra is alleenlik aangewend vir die verkryging of ontwikkeling van grond vir daardie doel of die ander doel wat die Administrateur bepaal.

Verhoor van besware of vertoe en kennisgewing daarvan.

34.(1) Waar die Raad of 'n gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge enige bepaling van hierdie Ordonnansie besware of vertoe moet verhoor, bepaal die Raad of plaaslike bestuur, na gelang van die geval, onverwyld 'n dag, tyd en plek vir die verhoor.

(2) Nie minder nie as 14 dae voor die dag ingevolge subartikel (1) bepaal, stel die Raad of gemagtigde plaaslike bestuur elke beswaarmaker, elkeen wat vertoe gerig het en elke ander persoon of liggaam wat, na die mening van die Raad of plaaslike bestuur, enige belang by die aangeleentheid het, in kennis van die dag, tyd en plek aldus bepaal.

(3) By 'n verhoor in subartikel (1) beoog, kan —

- (a) elke beswaarmaker en elkeen wat vertoe gerig het die gronde van sy beswaar of vertoe uiteensit;
- (b) elke ander persoon of liggaam wat belang het by die aangeleentheid sy saak stel,

en getuienis ter staving daarvan aanvoer of iemand anders magtig om dit namens hom te doen.

(4) 'n Verhoor in subartikel (1) beoog, is vir die publiek toeganklik.

(5) Waar die besware of vertoe in subartikel (1) beoog van meer as een persoon in een dokument vervat is, word geag dat aan die bepalings van subartikel (2) behoorlik voldoen word indien die persoon wat die dokument ingedien het of enige ondertekenaar daarvan in kennis gestel word soos in laasgenoemde subartikel beoog.

Ingenieursdienste.

35.(1) Waar die Administrateur ingevolge artikel 15 of op appèl ingevolge artikel 19 of 'n gemagtigde plaaslike bestuur ingevolge artikel 18 'n aansoek om die verdeling van grond goedgekeur het, kan die Direkteur gelas dat die ingenieursdienste wat hy noodsaaklik vir die behoorlike ontwikkeling van die betrokke grond ag, voorsien word.

(2) Elke ingenieursdiens wat uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) vir die grond wat verdeel is, voorsien moet word, word —

- (a) by ooreenkoms tussen die aansoeker en die plaaslike bestuur by wie aansoek om die verdeling van die grond gedoen is, hierna die betrokke plaaslike bestuur genoem, geklassifiseer;
- (b) by onstentenis van ooreenkoms op aansoek van of die aansoeker of die betrokke plaaslike bestuur deur die Dienste-appèlraad deur die Direkteur aangewys, geklassifiseer,

Hearing of objections or representations and notice thereof.

- (b) the proceeds from the sale or exchange of land transferred to a local authority for the purpose of parks or open spaces shall be utilized only for the acquisition or development of land for that purpose or such other purpose as the Administrator may determine.

34.(1) Where in terms of any provision of this Ordinance the Board or an authorized local authority shall hear objections or representations, the Board or local authority, as the case be, shall forthwith determine a day, time and place for the hearing.

(2) Not less than 14 days prior to the day determined in terms of subsection (1), the Board or authorized local authority shall notify every objector, every person who has made representations and every other person who or body which, in the opinion of the Board or local authority, may have any interest in the matter, of the day, time and place so determined.

(3) At a hearing contemplated in subsection (1) —

- (a) every objector and every person who has made representations may set out the grounds of his objection or representations;
- (b) every other person who or body which has an interest in the matter may state his or its case,

and adduce evidence in support thereof or authorize any other person to do so on his behalf.

(4) A hearing contemplated in subsection (1) shall be open to the public.

(5) Where the objections or representations contemplated in subsection (1) of more than one person are contained in one document, it shall be deemed that the provisions of subsection (2) are sufficiently complied with if the person who has lodged the document or any signatory thereto is notified as contemplated in the latter subsection.

Engineering services.

35.(1) Where the Administrator has, in terms of section 15 or on appeal in terms of section 19 or an authorized local authority has, in terms of section 18, approved an application for the division of land, the Director may direct that such engineering services as he may deem necessary for the proper development of the land concerned, shall be provided.

(2) Every engineering service to be provided by virtue of the provisions of subsection (1) for the land which has been divided shall —

- (a) be classified by agreement between the applicant and the local authority to which application has been made for the division of the land, hereinafter referred to as the local authority concerned;
- (b) in the absence of agreement, be classified by the Services Appeal Board designated by the Director on the applica-

as 'n interne of eksterne ingenieursdiens ooreenkomstig die riglyne deur die Administrateur ingevolge artikel 117 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bepaal.

(3) Die —

- (a) aansoeker is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van interne ingenieursdienste;
- (b) betrokke plaaslike bestuur is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van eksterne ingenieursdienste.

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (3) —

- (a) kan die betrokke plaaslike bestuur op versoek van en op die onkoste van die aansoeker enige interne ingenieursdiens installeer en voorsien of sodanige diens laat installeer en voorsien;
- (b) installeer en voorsien die aansoeker op sy onkoste enige eksterne ingenieursdiens waarvan die betrokke plaaslike bestuur nie die verskaffer is nie of laat hy sodanige diens installeer of voorsien.

(5) Die interne ingenieursdienste en enige eksterne ingenieursdiens in subartikel (4)(b) beoog, word geïnstalleer en voorsien tot bevrediging van die betrokke plaaslike bestuur, en vir daardie doel dien die aansoeker die verslae, planne en spesifikasies wat die plaaslike bestuur vereis by daardie plaaslike bestuur in.

(6) By die toepassing van subartikel (5), neem die betrokke plaaslike bestuur die standaard wat deur die Administrateur ingevolge artikel 119(2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, vir strate en vloedwaterdreinerings-, water-, elektrisiteits- en rioolverwyderingsdienste bepaal is, in ag.

(7) Die betrokke plaaslike bestuur betaal aan die aansoeker as 'n bydrae tot die koste deur die aansoeker aangegaan om die interne ingenieursdienste te installeer en te voorsien of sodanige dienste te laat installeer en voorsien —

- (a) 'n bedrag geld by ooreenkoms tussen die aansoeker en sodanige plaaslike bestuur vasgestel;
- (b) by onstentenis van ooreenkoms 'n bedrag geld deur die Dienste-appèlraad deur die Direkteur aangewys op aansoek van of die aansoeker of die betrokke plaaslike bestuur vasgestel,

ooreenkomstig die riglyne deur die Administrateur ingevolge artikel 120 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bepaal.

(8) Die bepaling van subartikel (7) is nie op 'n interne ingenieursdiens waarvan die betrokke plaaslike bestuur nie die verskaffer is nie, van toepassing nie.

(9) Die aansoeker betaal aan die betrokke plaaslike bestuur as 'n bydrae tot die koste

tion by either the applicant or the local authority concerned,

as an internal or external engineering service in accordance with the guide-lines determined by the Administrator in terms of section 117 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(3) The —

- (a) applicant shall be responsible for the installation and provision of internal engineering services;
- (b) local authority concerned shall be responsible for the installation and provision of external engineering services.

(4) Notwithstanding the provisions of subsection (3) —

- (a) the local authority concerned may, at the request of and at the expense of the applicant, install and provide any internal engineering service or cause such service to be installed and provided;
- (b) the applicant shall, at his expense, install and provide any external engineering service of which the local authority concerned is not the supplier or cause such service to be installed or provided.

(5) The internal engineering services and any external engineering service contemplated in subsection (4)(b) shall be installed and provided to the satisfaction of the local authority concerned, and for that purpose the applicant shall lodge with that local authority such reports, diagrams and specifications as the local authority may require.

(6) For the purposes of subsection (5), the local authority concerned shall have regard to the standards determined by the Administrator in terms of section 119(2) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, for streets and storm water drainage, water, electricity and sewage disposal services.

(7) The local authority concerned shall pay to the applicant as a contribution towards the costs incurred by the applicant to install and provide the internal engineering services or cause such services to be installed and provided —

- (a) an amount of money determined by agreement between the applicant and such local authority;
- (b) in the absence of agreement, an amount of money determined by the Services Appeal Board designated by the Director on the application by either the applicant or the local authority concerned,

in accordance with the guide-lines determined by the Administrator in terms of section 120 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(8) The provisions of subsection (7) shall not comply to an internal engineering service of which the local authority concerned is not the supplier.

(9) The applicant shall pay to the local authority concerned as a contribution towards

deur sodanige plaaslike bestuur aangegaan om die eksterne ingenieursdienste te installeer en te voorsien of sodanige dienste te laat installeer en voorsien —

- (a) 'n bedrag geld by ooreenkoms tussen die aansoeker en sodanige plaaslike bestuur vasgestel;
- (b) by onstentenis van ooreenkoms, 'n bedrag geld deur die Dienste-appèlraad deur die Direkteur aangewys op aansoek van of die aansoeker of die betrokke plaaslike bestuur vasgestel,

ooreenkomstig die riglyne deur die Administrateur ingevolge artikel 121 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bepaal.

(10) Waar 'n aansoeker 'n aansoek ingevolge subartikel (2)(b), (7)(b) of (9)(b) by 'n Dienste-appèlraad indien, deponeer hy onverwylde by die Direkteur die bedrag geld wat voorgeskryf word as sekuriteit vir die betaling van die uitgawes, met inbegrip van die gelde en toelaes betaalbaar aan lede van sodanige raad ingevolge artikel 123(5) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, wat deur of namens die Transvaalse Provinsiale Administrasie in verband met die aansoek aangegaan is.

(11) Wanneer 'n dienste-appèlraad sy beslissing gee oor 'n aansoek in subartikel (10) beoog, gelas hy die aansoeker om die uitgawes in daardie subartikel beoog, te betaal, en waar die aansoeker versuim om dit te doen, kan die Direkteur sodanige uitgawes uit die bedrag wat die aansoeker gedeponeer het, betaal en die saldo, indien daar is, aan hom terugbetaal.

(12) Waar die Administrateur ingevolge artikel 11 'n aansoek om die verdeling van grond goedgekeur het, voorsien en installeer die aansoeker die ingenieursdienste wat die Direkteur gelas.

(13) Iemand wat gegrief is deur 'n lasgewing van die Direkteur ingevolge subartikel (1) of (12), kan skriftelik na die Administrateur appelleer, en die beslissing van die Administrateur is afdoende.

(14) By die toepassing van subartikels (2) en (9) beteken "Dienste-appèlraad" 'n Dienste-appèlraad ingestel ingevolge artikel 123 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

36.(1) Iemand wat gegrief is deur die beslissing van 'n plaaslike bestuur ingevolge artikel 35(5) of deur die weiering of onredelike versuim van 'n plaaslike bestuur om so 'n beslissing te gee, kan —

- (a) binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum waarop hy skriftelik deur die plaaslike bestuur van die beslissing in kennis gestel is, of binne die verdere tydperk van hoogstens 28 dae wat die Direkteur toelaat;
